*Sedert 22 September 1956: Oral voor Gods aangesig*

**Sondag, 19 April 2026**
**2e Sondag ná Pase**

## *"As mense wat uit die dood lewend geword het"* – die pad na heiligmaking.

*"Streef na vrede met almal en na die heiligmaking,*
*waarsonder niemand die Here sal sien nie."*
(Hebreërs 12:14)
*"Maar, noudat julle van die sonde vrygemaak is en diensbaar aan God geword het, lewer julle die vrug van heiligmaking, en die uiteinde hiervan is die ewige lewe."*
(Romeine 6:22)

*"Heiligmaking"* is nie 'n woord wat Christene vandag dikwels gebruik nie. Trouens, om een of ander rede het hierdie woord *"heilig"* dikwels 'n negatiewe weerklank onder ons gekry. Dat heiligmaking egter iets is wat gelowiges se aandag verdien, is duidelik uit teksgedeeltes soos Hebreërs 12:14, want watter opregte gelowige wil nie die Here sien nie? Dit bly elke Christen se heerlike verlange om sy Here en Meester te sien. Om Jesus te sien wat in my plek gesterf het en in heerlikheid opgestaan het…

Heiligmaking is egter nie iets wat onmiddellik in gelowiges se lewens gebeur nie, maar dit gebeur wanneer gelowiges saam met Christus groei in 'n opstanding soos syne (Rom.6:5). Heiligmaking is die vrug van Christene wat geleer het om dag vir dag, tree vir tree, danksy Paasfees op te staan uit die dood en diensbaar te word aan God. Die vrug van Paasfees in die lewens van God se kinders, is nie net die vreugde van 'n Feessondag een keer per jaar nie, maar is 'n lewe van oorwinning uit die dood wat daagliks, meer as een keer, in hulle lewens verwerklik word. Dit is om te leer om te lewe, vir mense wat uit die dood wakker geword het en vir die eerste keer leer loop, leer aanbid, leer buig, leer dien. *"Heiligmaking is die vernuwing van die mens as beeld van God, in die betrokkenheid van geloof op God's genade, langs die weg van gehoorsame navolging van Christus"* (JA Heyns).

Die krag van Christus se sterwe en opstanding was nie bedoel om mense in hulle toestand as sondeslawe te laat voortleef, met 'n uitkoms, eendag ná die Wederkoms nie. Christus se opstanding uit die dood maak mense vandág vry om ook op te staan en heilig te lewe... want ons wil ons Here sien.

**– ds. Johan Marais**

Hartlik welkom by ons gesamentlike eredienste vanoggend, gelei deur ds Johan Marais en ons orrelis, dr. Johan Cromhout, in die kerk; in die saal, ds Janke Hurter en Matildie Wium. Welkom ook aan besoekers en diegene wat via ons webblad, op *Facebook* of Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel. Agter in die kerk is daar Bybels en Liedboeke op die tafel – neem gerus een en deel in ons liturgie en lering.

Ds. Jan Lubbe lei vanoggend 'n ekumeniese erediens in die NG Gemeente Aan-die-Berg in Johannesburg, wat o.a. deur verteenwoordigers van die Reformed Churches in America, die Churches for Middle East Peace en die SA Raad van Kerke bygewoon word.

## LITURGIE

| | |
|---|---|
| **Toewydingslied:** | Lied 469:1 & 2 O diepte van die rykdom |
| **Votum:** | Rom 5:6 *"Toe ons nog magteloos was, het Christus..."* |
| **Seëngroet:** | Rom 1:7 *"Aan al die geliefdes van God..."* |
| **Loflied:** | Lied 414:1 & 2 Juig verlostes, juig en sing |
| **Wet:** | Rom 13:8-12 |
| **Verootmoediging:** | Lied 391:1, 4 & 6 Vervul, o Heer, my hart |
| **Genadeverkondiging** | |
| **Danklied:** | Lied 491:1, 2, 3 & 5 'K het Jesus lief, Hy is my lig en krag |
| **Epiklesegebed** | |
| **Skriflesing:** | Romeine 6:12-23 |
| **Woordverkondiging:** | Tema: ***"As mense wat uit die dood lewend geword het"* – die pad na heiligmaking** |
| **Bevestiging van kerkraadslede:** | |
| | Oudl. Jaco de Jager<br>Diaks. Lihan Botha en Herman Stapelberg |
| **Gebed:** | Lied 268:1 Laat, Heer, u seën op hul daal |
| **Liefdegawes** | |
| **Slotlied:** | Lied 411:1, 2 & 3 Kom, almal, laat jul stem verrys! |
| **Seën** | |
| **Amen** | |
| **Orrelnaspel** | |

### Ander Eredienste:

| | |
|---|---|
| Sondag, 19 April | 15:00 – Teol. Std. Steve Popane (Sothodiens) |
| | 18:00 – Ds. Janke Hurter: *Diens van Woord, stilte, gebed…* |
| | *(ds Janke gaan met beeld en klank vertel van haar besoek aan Taizé)* |
| Sondag, 26 April | 09:30 – Ds. Jan Lubbe |
| | 15:00 – Teol. Std. Steve Popane (Sothodiens) |
| Sondag, 3 Mei | 09:30 – Ds. Johan Marais (Doop) |

Vanweë die volgende twee langnaweke is daar geen kategese, gesins- of aanddienste op 26 April en 3 Mei nie. Ons wens almal in hierdie tyd ook 'n effense rustiger pas toe.

**MEELEWING EN VOORBIDDING**

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

19 Apr. Zeldi Bekker, Mathilda Henning en Laura Pansegrouw.
20 Apr. Gerdus en Wian Geldenhuys, en Ernst Relling.
21 Apr. Anna du Plessis, Jan du Plessis, Johan Herbst, Philip Kühn, Müller Scheepers en Conner van der Schyff.
22 Apr. Louis Barnard, Ruben Bosch, Geo Jooste, Annatjie Ludick en Lynette Naudé.
23 Apr. Henk Coetzee, Emlyn Samuel, Ezelle Streicher en Daleen van der Merwe.
24 Apr. David Heennop, Johanette König en Jana Loots.
25 Apr. Liezél Berry, Sunette Boshoff, Karina du Plessis, Liam Kymdell, Saartjie Noeth, Adri Smith en Johan van den Berg.

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Ansie Barnard (Genl Cronjéstr 38, wyk 9); Lienkie Marais (LadySmithstr. 16, wyk 5); André Greyling (Serenitas 37, wyk 15) en Sheila Prinsloo (Serenitas 160, wyk 15). Ons dink ook aan elkeen wat 'n siek of verswakte familielid moet ondersteun, en bid hul die nabyheid van die Here toe.

Vir Pastorale Sorg:
As leraars en ouderlinge wil ons lidmate graag bystaan en bemoedig in tye van swaarkry of net saam bly wees oor goeie nuus in jou lewe. Kontak gerus ds. Johan Marais (084 517 8052), wat ons pastorale werk koördineer, of maak 'n afspraak met een van ons leraars vir 'n tuisbesoek of 'n gesprek hier by die kerk.

**BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES**

Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.
Woensdagaand-Bybelstudiegroep (19:00) – in die Konsistorie o.l.v. ds. Jan Lubbe: *"Brief van Jakobus: Geen strooihalm, maar Lewens(wyse)brood."* Indien jy wil inskakel, whatsapp jou naam na 082 784 9362 (ds. Jan).
Woensdagaand 'Lighthouse'-Bybelstudiegroep vir jongmense 19-30 o.l.v. ds. Janke Hurter: *"Die ewige Koninkryk. Vind troos en hoop in Daniël"*. Indien jy wil inskakel, whatsapp jou naam na 078 894 9166 (ds. Janke).
Donderdagoggend-Bybelstudiegroep (09:00) in die Konsistorie o.l.v. ds Johan Marais: *'n Padkaart vir die lewe*. Indien jy wil inskakel, whatsapp na 084 517 8052 (ds. Johan).

## KERKRAADSAKE

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee: April**
April is **Wyke 12** (blok noordwes van Tempe en langs N1) en **13** (verre Weste) aan diens vir Sondae se tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope-Shelter. Indien jy wil help, kontak die Kerkkantoor (073 180 3193).

## BEDIENINGE

**Bedieningsvergaderings:**
Eiendomme: Dinsdag, 21/4 17:30
Diensverhoudinge: Vrydag, 24/4 16:00
Geldsake: Dinsdag, 28/4 17:30

**EREDIENS- & JEUGBEDIENING**

**Kinderpinkster 2026:** Vrywillgers wat vir ds Janke wil help met die Kinderpinkster, voorbereidings en kommunikasie – Sondag, 17, tot Donderdag, 21 Mei – kontak haar asb. by 078 894 9166.

**GEMEENTEBEDIENING:**

**Seniorbediening: "Kom hoor en kyk wat gedoen kan word ná 70!"**

Almal 65+ word uitgenooi na ons kuieroggend vir Seniorlidmate hierdie Woensdag, 22 April om 09:30 in die Jeugkamer. Twee skrywers en 'n digter uit ons gemeente – Oom Chris de Lange, Sunita Keyser en Oom Chris Venter – gaan vertel van hul boeke wat in die afgelope twee jaar gepubliseer is, en Sunita (wie se digbundel 'n onderskeiding ontvang het!), gaan daaruit voorlees. Almal welkom, en ons kuier ná die tyd saam, met koffie en iets te ete!

**GETUIENIS- EN BARMHARTIGHEIDSBEDIENING**

**Gladstoneweg Jeugsorgsentrum:** Daar woon tans o.a. ses dogtertjies in (tussen 8 en 12 jaar oud): As daar lidmate is wat 'n bydrae wil maak vir die aankoop van wintersnagklere vir hulle, kontak asb. vir Joanita Rossouw (082 326 8966).

**Sunflower House:**

Sunflower House verskaf palliatiewe sorg, huisvesting en ondersteuning aan kinders met 'n lewensbedreigende siekte en moeilike huislike omstandighede; ook aan hul families. Op 9 Mei word 'n dinee met Werner Schmit (CUT Hotelskool) aangebied ten bate van Sunflower House; kaartjies @ R 250 p/p of R 2 500 vir tafel van tien. Sien advertensie in BnD Kommunikeer-groep vir meer besonderhede.

**"Huishulpkamp":**

Daar was in die verlede 'n baie gewilde Huishulpkamp deur ons- en ander gemeentes in die stad aangebied (by Mooigenoeg). Is daar weer belangstelling vir of behoefte aan só 'n kamp – stuur asb jou mening/voorstel per whatsapp na die Kerkkantoor, 073 180 3193.

**EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE**

SnapScan

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/projek vir daardie betrokke Sondag – vanoggend, 19 April: **Gemeente Uitbreiding (GOUF).** U kan 'n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per SnapScan na Berg-en-Dal oorbetaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632005).**

**Mei is Spesiale Dankoffermaand**! Met Herfs en Oestyd tussen Pase en Pinkster sê ons as gemeente ook dankie, vir al God se guns en goedheid. Verlede jaar het ons ± R 610 000 ingesamel; vanjaar mik ons na R 620 000. Sal jy solank hieroor bid, en help begroot?

**NUUS VAN ELDERS**

**Philippolis-naweek, 8-10 Mei 2026:**

As deel van ons 70-jaar vieringe vat ons hande met die gemeente **Philippolis** in die Suid-Vrystaat, en nooi almal uit om die uitstappie daarheen te beplan – sien pamflet vir inligting.

**Gerieflike en veilige gemeubileerde Tuinwoonstel te huur in Rayton:**

Vanaf 1 Mei 2026 beskikbaar. Skakel 076 912 9490 vir meer besonderhede.